**Logos Gemeente van Christus**

**Laat U koninkryk kom**

**Matt 6:9-15, 2 Tess 3:1-5**

**29 Maart 2020**

Drie weke gelede het ons begin om die Onse Vader te bestudeer. By daardie geleentheid het ons besin oor die feit dat ons juis moet bid vir die uitwerk van God se plan, en dat ons gebede op een of ander wyse in God se raadsplan ingesluit is en sodoende bydra tot die uitvoer van God se plan. Ons het ook besin oor die feit dat ware aanbidding, en dus ook gebed, in gees en in waarheid moet plaasvind. Dit is nie net 'n verstandsaak nie, maar ook 'n hartsaak. Ons het ook besin oor die openingstelling van die Onse Vader, en gesien dat ons tipies tot ons Hemelse Vader bid, alhoewel daar voorbeelde in die Bybel is van gebede wat tot die Seun gerig word. Aldrie Persone in die Drie-Eenheid is by ons gebede betrokke, maar as 'n reël bid ons tot die Vader.

Ons het ook stilgestaan by die eerste bede van die Onse Vader: Laat U Naam geheilig word. Die verstommende hier is dat ons die Vader vra om toe te sien dat Sy Naam geheilig word. Omdat dit in lyn met God se wil is dat alles tot Sy eer moet gebeur, kan ons verwag dat God hierdie gebed sal verhoor. Ons kan dus verwag dat God sal optree vir Sy eer, wanneer ons hierdie bede bid. Alhoewel dit so is dat die hemelwesens God voortdurend verheerlik, en dat die skepping ook daarna smag om dit te doen, is dit ook die mens, en veral die gelowiges, se rol om God te eer – natuurlik in gees en in waarheid, wat impliseer dat ons feite sal hê om te gebruik vir hierdie doel, maar ook om seker te maak dat ek persoonlik hierdie feite belewe, en dit dus as ervaringswerklikhede kan gebruik om God mee te verheerlik. Ons kan dus verwag dat God in die loop van die wêreldgeskiedenis voortdurend die mens sal oproep om dit te doen.

Vanoggend beweeg ons aan en kyk na die tweede bede: Laat U koninkryk kom. Ek wil die gesprek hieroor struktureer rondom die vlge punte:

- Ontwikkelingslyn van God se koninkryk deur die openbaringsgeskiedenis
- Verband met die eerste bede
- Rolspelers in die vervulling van die bede
- Sake waarvoor ons moet bid in lyn met hierdie bede

<u>Ontwikkelingslyn van God se koninkryk deur die openbaringsgeskiedenis</u>

Ek het 'n paar weke terug verwys na die konsep van 'n koninkryk, en die stelling gemaak dat daar 4 essensiële elemente in 'n koninkryk is:

- 'n Koning wat regeer
- Burgers van die koninkryk wat onderdanig is aan die koning
- Die land waar die koninkryk gevestig is
- 'n Stel wette waarvolgens die koning in die koninkryk regeer.

Kom ons hou dit in gedagte, en kyk na enkele hoogtepunte oor hoe die konsep van God se koninkryk ontwikkel deur die loop van die openbaringsgeskiedenis:

- In Genesis 1 en 2 lees ons dat God die hemel en die aarde geskep het. Genesis 1:2 beskryf die toestand voor die skeppingsdae as woes, leeg en donker. Ek lees nou die dag wat Nico hieroor skryf, naamlik dat hierdie toestand waarskynlik toe te skryf is aan die duiwel se val (een van God se geskape engele wat gerebelleer het). Reeds in Genesis 1 en 2 is daar

aanduiding van spanning: Volgens Gen 2:15 moet Adam die tuin bewerk en bewaak, en volgens Gen 1:28 moet hy die aarde onderwerp. Waarteen moet die tuin bewaak word? Hoekom is dit nodig dat die aarde onderwerp moet word? Wel, daar is ‘n vyandige party teenwoordig – die duiwel. Dink nou aan die elemente van ‘n koninkryk: God is die Skepper van hemel en aarde, en is dus die Koning, Adam en Eva is die burgers, die land is ten minste die tuin, maar moet uitgebrei word na die hele wêreld, en natuurlik het God Sy opdragte aan Adam en Eva gegee. Die probleem is egter daar is ‘n duiwel – wat nie God se koningskap aanvaar nie.

- Genesis 3 beskryf die sondeval as die duiwel sy ware kleure wys. Wanneer God die duiwel oordeel in Genesis 3:15 sê God daar sal vyandskap wees tussen die slang en die vrou, en tussen die slang se nageslag en die vrou se nageslag. Daar is dus nou twee koninkryke. God s’n en die duiwel s’n. Maar direk beloof God ook wie op die ou end sal seëvier: God s’n wanneer die kop van die slang vermorsel sal word met die koms van die Een uit die nageslag van die vrou.
- In Genesis 12 -17 rig God die verbond met Abraham op. God maak 3 beloftes aan Abraham: Hy sal vir Abraham en sy nageslag ‘n God wees (dus koning), Hy beloof aan hom ‘n groot nageslag (die burgers van God se koninkryk) en ‘n land (die plek van die koninkryk), maar Abraham moet gehoorsaam wees (die wette van God se koninkryk).
- Kom ons kyk kortliks na die verbond met Dawid: Onder leiding van Josua neem die volk na 40 jaar in die woestyn die beloofde land in. ‘n Mens sou verwag dit is die finale realisering van God se koninkryk: ‘n groot volk in die beloofde land met God as Koning en God se wette as lewensriglyne.

  Daar is egter een probleem: soos in die paradys, gehoorsaam die volk nie God se wette nie. Gevolglik volg die een rigter na die ander, en alhoewel die volk hulle telkens bekeer, is dit nie ‘n effektiewe bekering nie, en val hulle maar net weer in sonde. In Rigters 21:25 volg die stelling: “In daardie tyd was daar nog nie ‘n koning in Israel nie, en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë.” Maar is God dan nie die Koning nie? Ja, maar die volk erken Hom nie as sulks nie. In 1 Samuel 8 vra die volk vir Samuel om ‘n koning oor hulle aan te stel. Dit is so verkeerd in Samuel se oë, maar in vers 7 sê God vir hom: “Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jou nie verwerp nie, hulle het My verwerp as Koning oor hulle”. Na die volk gewaarsku is oor al die regte wat die koning sal hê en hoe hy hulle kan uitbuit, oordeel die volk dat hulle tog steeds ‘n aardse koning wil hê. Ons ken die geskiedenis: Saul is die eerste koning, wat later plek moet maak vir Dawid.

  Dawid verenig die volk onder hom, verdryf tot ‘n groot mate die ander volke uit die beloofde land, en vestig sy koningskap in Jerusalem. As hy in 2 Samuel 7 die versoek aan God rig dat hy vir die Here ‘n huis wil bou, draai God dit om en sê Hy sal vir Dawid ‘n huis bou. Daar sal altyd Iemand uit Dawid se nageslag op die troon sit. Onder die regering van Salomo lyk dit of dit realiseer: Die groot volk met die groot land (van die Eufraat tot by Egipte – 1 Kon 4:20-21) met ‘n wyse koning en God se wette. En tog werk dit nie: die koninkryk verskeur, twee ballingskappe gebeur en alhoewel Juda terugkeer is dinge net nooit weer dieselfde nie.

- Na verskeie eeue word Jesus gebore. Reeds met Sy geboorte word Hy beskryf as die Koning van die Jode (Mat 2:2). Hy leer met groot sorg wat die inhoud is van die koninkryk van God (of die hemele) – in Mat 13:11 verduidelik Hy dat Hy juis deur gelykenisse leer wat die koninkryk van die hemel behels omdat net sommiges dit kan begryp. Hy leer byvoorbeeld:

    - In die gelykenis van die saaier dat net die by wie op goeie grond gesaai word, burgers van die koninkryk sal wees
    - In die gelykenis van die onkruid tussen die koring dat daar tot met die oestyd twee soorte mense sal wees
    - In die gelykenis van die skat in die saailand, dat die koninkryk die belangrikste saak is waarvoor jy jou kan beywer
    - As Hy gevra word wie die belangrikste in die koninkryk is, sê Hy dit is die wat dit soos kindertjies ontvang.

  Daar is nog baie meer. As Jesus Jerusalem binne ry voor die lydensweek word dit beskryf as ‘n vervulling van "Kyk jou Koning kom" (Mat 21:5). En as Hy gekruisig word, is die aanklag bo Sy kop: "Dit is Jesus, die Koning van die Jode" (Mat 27:37). Volgens Hand 1:3 het Jesus in die periode tussen Sy opstanding en hemelvaart juis met die dissipels gepraat oor die koninkryk van God. Wanneer Hy opvaar hemel toe, sê Hy vir Sy dissipels dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is, en dat hulle nou na al die nasies toe moet gaan en hulle dissipels moet maak (Mat 28:18-19). Sien jy wat gebeur het: Van God as koning, na ‘n mens as koning (wat op sy beste maar ‘n teleurstelling was), en nou na ‘n Koning wat God en mens is! Jesus is die Koning met alle mag in hemel en op aarde! En hierdie Koning vra Sy Vader om die Heilige Gees te stuur wat lewensveranderend in die gelowiges werk sodat hulle God wil dien – sodoende word die probleem in die Ou Verbond waar die volk net eenvoudig nie gehoorsaam was nie, effektief aangespreek. Die burgers is die mense met die nuwe harte uit al die nasies. Die land is die hele aarde. Die wet is God se wil. Hier is die ware koninkryk van God – miskien nog nie volledig nie, maar wel goed gevestig.

- Wat kan ons in die toekoms verwag? Dat die Koning weer terug sal kom om te oordeel – lees Matteus 25:31-33, en ook Op 19:11-16. Dan sal al die valse elemente geëlimineer wees en God se koninkryk in volheid realiseer.

Uit bogenoemde is dit baie duidelik dat God se koninkryk ‘n integrale deel van Sy plan is. God is vanaf Genesis 1 af besig om dit te ontwikkel. Ons het al ver gevorder, en het baie bewyse dat God werklik doelgerig werk vir die koms van Sy koninkryk. Sy koninkryk is reeds gevestig, en is tans besig om te groei. Verseker gaan God dit nie nou vergeet nie. As ons dus bid "Laat U koninkryk kom", kan ons verwag dat God dit gaan laat realiseer.

<u>Verband met die eerste bede</u>

Dit is belangrik om die verband tussen die eerste twee bedes raak te sien. In die eerste bede bid ons dat God se Naam geheilig moet word. Waar en hoe gaan dit realiseer? Juis in God se koninkryk. Wanneer God se koninkryk in volheid gerealiseer het met Jesus se wederkoms sal dit die hele aarde oordek (land), bestaan uit baie mense uit al die nasies (die burgers) wat <u>almal</u> God met integriteit sal dien deurdat hulle onberispelik skoon sal wees (wetsgehoorsaam) deur Jesus (die Koning) se verlossingswerk – dis dan en daar wat God se Naam werklik geheilig sal word!

<u>Rolspelers in die vervulling van die bede</u>

Wie is nou die rolspelers wat bydra dat hierdie bede vervul sal word?

- Die Vader – Die struktuur van die tweede bede is dieselfde as die van die eerste bede, naamlik: "Laat U……". Weereens is dit duidelik dat die "U" in hierdie bede die Vader self is. As ons dus bid "Laat U koninkryk kom", dan is dit eerste van alles ‘n versoek gerig aan die Vader dat Hy sodanig sal optree dat Sy koninkryk sal kom. As Jesus Sy dissipels leer om te

bid dat God moet optree, dan is dit in lyn met die Vader se wil – ons het dit tog herhaalde male gesien in Johannes 14-17 dat Jesus optree en leer in lyn met wat die Vader wil. Soos wat ons met die eerste bede gesien het, het ons die belofte in 1 Johannes 5 dat as ons in lyn met God se wil bid, sal Hy dit gee. Ons kan dus verwag dat die Vader sal optree sodat Sy koninkryk sal kom, net soos wat Hy optree dat Sy Naam geheilig word.

- Die Seun – Hy is die Koning wat reeds regeer na Sy versoeningswerk. Hy sal ook kom as Regter om te oordeel en te suiwer
- Die Heilige Gees – Hy is die een wat die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh 16:8-11)
- Gelowiges – Ons moet dissipels gaan maak van al die nasies deurdat ons getuig soos wat die Heilige Gees getuig (Joh 15:26-27)

<u>Sake waarvoor ons moet bid in lyn met hierdie bede</u>

Watter sake behoort nou in ons gebede aandag te kry in lyn met hierdie bede.

- Bid vir die einddoel: Ons weet die einddoel is die volle realisering van God se koninkryk, wat gepaardgaan met die wederkoms van Jesus, en ook natuurlik met die finale oordeel (dit is die val van Babilon, val van die diere uit die see en die aarde, die duiwel en al sy volgelinge). Ons weet dit realiseer wanneer die getal van die uitverkorenes vol is (Rom 11:25-26). Ons het in die verlede gesê ons bid juis vir die uitwerk van God se plan. Laat ons dan bid vir die wederkoms in lyn met Op 22:20: "Hy wat dit alles getuig, sê: Ja, Ek kom gou! Amen! Kom, Here Jesus."
- Bid vir die pad na die einddoel in hierdie laaste dae waarin ons leef:
  - 2 Tes 3:1 – Hier moedig Paulus die Tessalonisense aan dat hulle sal bid vir die vinnige verspreiding van die Woord van die Here. Onthou hoeveel keer ons die belangrikheid van die Woord in die afgelope weke onderstreep het. Die Heilige Gees getuig juis in lyn met Jesus se woorde, wat weer inlyn met die Vader se Woorde is. Ons moet saam met die Heilige Gees in lyn met hierdie Woord getuig. Dit is wat mense oortuig. Laat ons dan bid vir die vinnige verspreiding van die Woord
    - Dink aan ons uitreikaksies: tronk, ouetehuis, Malawiërs, internetbediening. Dink veral daaraan dat hierdie aksies almal tans tot groot mate gestaak is – die tronke, ouetehuis en Malawiërs a.g.v. die coronavirus. Die internetbediening het ons afgeskaal. Dis die enigste een wat tans sou kon voortgaan, en Izelle sê dat ons laaste artikel ten minste 530 mense bereik het. Ek dink dit is dringend tyd dat ons weer hieroor moet besin.
  - 2 Tes 3:1+2 – Let ook op dat Paulus vra dat die Tessalonisense vir "ons" moet bid – d.w.s. die mense wat juis die woord versprei. Hy vra ook dat hulle sal bid dat hulle verlos sal word van slegte en verkeerde mense wat hulle belemmer in die uitdra van die Woord
    - Laat ons bid vir individue wat die Woord versprei: predikante, sendelinge, Bybelstudieleiers, kategete, kerkleiers, ens. Verkieslik moet ons vir hulle by naam bid en met spesifieke situasies in gedagte – anders loop ons die gevaar om dit net in waarheid te doen. Dink hier spesifiek aan die situasie in ons gemeente.
    - Laat ons onthou hulle is juis die teiken van die rondlopende, brullende duiwel.

        - Laat ons bid dat hulle bewaar sal word van mense wat hulle verhinder om hulle taak uit te voer: deur hulle tyd op te neem met onbenullige sake, deur traagheid om die verkondigingswerk te ondersteun (selfs al is dit net om daarvoor te bid), mense wat wêreldse sienings wil inbring in die verkondiging, mense wat net oor hulle persoonlike verlossing besorgd is, ens.
        - Laat ons ook bid om te verstaan wanneer moet ons aanbeweeg van iemand aan wie ons die Woord herhaaldelik gebring het, en tog nie wil hoor nie.
        - Laat ons ook bid dat daar baie predikers sal wees wat bereid is om die Woord te verkondig. Mat 9:36-38 leer ons dat die oes groot is en die arbeiders min, en dat ons juis moet bid vir meer arbeiders. Dit voel soms of ons dink ons gaan op mekaar se trone trap – daar is BAIE werk om te doen.
    - 2 Tess 3:1 – Laat ons bid vir wat Paulus hier beskryf as "oorwin", m.a.w. dat daar vrug sal wees op ons arbeid. Natuurlik is dit so dat God se Woord nooit leeg terugkeer nie. Dit sny of na die lewe, of na die dood. Maar ons wil tog graag sien dat God al meer verheerlik word deur mense wat Hom vanuit hulle harte wil loof en prys.
        - Laat ons ook bid dat wanneer ons nie vrug sien nie, dat ons ernstig daaroor sal besin. Natuurlik is vrug nie 'n belofte nie, natuurlik is dit die Heilige Gees wat harte verander, maar die gebrek aan vrug kan ook wees dat ek op een of ander manier 'n struikelblok is. Berei ek verantwoordelik voor, streef ek daarna om duidelik te kommunikeer, bid ek en ander genoeg dat harte voorbereid sal wees?
    - 1 Tim 2:1-4 Ons moet bid vir regerings sodat hulle die omstandighede kan skep dat ons met ons verkondigingswerk kan voortgaan. Dink maar net aan die impak wat regerings in hierdie tyd op ons persoonlike en gemeente aktiwiteite het. Laat ons vir hulle bid.

Daar is nog een saak: Vir ten minste die volgende drie weke is ons almal ingeperk tot ons huise. Die van julle wat deelneem aan die Openbaring Bybelstudie sal sekerlik saamstem dat wat op die oomblik in die wêreld gebeur, nie losstaan van God se plan nie, en dus ook nie tot die koms van die koninkryk van God nie. Duidelik is God besig om die wêreld dringend te konfronteer. Op een of ander wyse werk dit juis konstruktief mee tot die koms van God se koninkryk. Wat beteken dit vir ons? Gaan ons net elkeen in ons eie huise sit en wag vir 3 weke om verby te gaan? Of gaan ons die geleentheid aangryp? Hetsy deur persoonlike studie sodat ek gereed is om te getuig wanneer geleenthede hulle voordoen. Of dalk deur interaksie met individue d.m.v. die elektroniese media wat ons het. Of dalk interaksie met groter groepe wat juis nou ontvanklik mag wees vir 'n bevraagtekening oor die sin van die lewe. Ons gedrag tydens hierdie pandemie behoort te getuig daarvan dat God in beheer is en hierdeur Sy koninkryk wil bou – selfs al word van ons siek, of sterf selfs. Die hoogste doel is nie fisiese gesondheid in hierdie lewe nie – maar dat God se koninkryk groei sodat SY Naam geëer kan word.